Mediaverklaring

DBO se “onsekerheid” oor leerders kommerwekkend

2020/10/01

“Die proses om vroeë kinderontwikkeling terug te skuif na die Departement van Basiese Onderwys is aan die gang en verloop goed." Dié aankondiging deur Minister Angie Motshekga, minister van Basiese Onderwys, is vanoggend tydens ŉ nuuskonferensie gemaak.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) ondersteun die skuif ten volle, maar wil weereens benadruk dat dit ŉ saak van dringendheid is. Die onbekwaamheid van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD) se amptenare om kleuterskole te ondersteun en broodnodige sorg aan kleuters te voorsien tydens die Covid-19-krisis, het nie net kleuters in die steek gelaat nie, maar ook veroorsaak dat talle kleuterskole hulle deure moes sluit.

Minister Motshekga het ook die jongste maatreëls vir skole in Vlak-1 inperking bekend gemaak. Die DBO se “onsekerheid” oor leerders wat hulself nog in landelike gebiede bevind en nog nie teruggekeer het skool toe nie, is kommerwekkend. Dit terwyl leerders veronderstel is om reeds vier maande lank al terug te wees by die skool, al is dit op roterende basis.

Die minister kan nie bekostig om onderpresterende skole aan hulleself oor te laat nie. Ouers wil graag verseker dat hulle kinders goeie onderrig ontvang en wil nie hul kinders by swak skole inskryf nie – al is dit net oorkant die pad. Dit veroorsaak dat die druk op funksionele skole (wat reeds oorvol is), net groter word.

“Amptenare, skoolbestuurslede en onderwysers wat nie leerders se belange op die hart dra nie, moet uit die stelsel verwyder word. Dan sal ouers nie nodig hê om hul kinders ure op ‘n dag te laat pendel om by ‘n goeie skool uit te kom nie," sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die SOS.

Meeste funksionele skole is op dreef om steeds die skooljaar suksesvol te voltooi.

Die matriekeindeksamen gaan voort en sal vanaf 5 November tot 15 Desember plaasvind. Skole sal dan op 25 Januarie 2021 met hulle nuwe akademiese jaar begin.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) is gerig op die versterking van Afrikaanse onderwys. Die SOS se Wolkskool bied ŉ volledige aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 - 12, en twaalf verskillende vakverenigings bied professionele ondersteuning aan onderwysers.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za